

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 45: Va'etchanan – En Ek Het Gesmeek.

*Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen? Deut. 3:23 en 24 – PWL.<sup>1</sup>*

**Torah:** Deut. 3:23 tot 7:11.

**Haftorah:** Jes. 40:1 tot 26.

**Nuwe Verbond:** Matt. 28:20; Open. 22:14; Open. 22:18 en 19; Rom. 7:12; Efes. 6:4; Rom. 1:18 tot 25; 2 Pet. 2:20 tot 22; 2 Kor. 6:17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 6:19 en 20; Heb. 12:18 tot 29; Joh. 14:15,21,23; Mark. 12:28 tot 34.

Vorige notas vir Parashah 45 kan afgelaai word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*We live in a day of itching ears but I have no commission from God to scratch them. – Leonard Ravenhill.*

*"To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart... It's motto is – " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will." – Oswald Chambers.*

*You express love by obedience – Jack Hyles.*

*Love is not just a sentiment. Love is a great controlling passion and it always expresses itself in terms of obedience – Martyn Lloyd-Jones.*

*Is prayer your steering wheel or your spare tire? – Corrie ten Boom.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

Aan die einde van Mosheh se lewe, waarvan hy 80 jaar in die wildernis deurgebring het, onderneem hy om vir oulaas יהוה se Torah – Sy liefdevolle onderrig en instruksies – aan die volk te herhaal, asook die laaste instruksies van God aan hulle te gee voor hulle die Beloofde Land in besit sou neem. As leier het hy saam met Yisra'el die hoogte- en laagte punte beleef sedert hulle van die slawejuk bevry is.

Die studie van Deuteronomium (*D'varim*) begin dan met: *hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra'el gepraat het...*(Deut. 1:1). Omrede die afskeidswoorde van 'n persoon altyd die belangrikste is, moet ons luister na Mosheh se laaste woorde aan Yisra'el, want dit bevat geestelike waarhede wat steeds vandag op ons van toepassing is!

Daarom is die kern van Mosheh se laaste toespraak aan Yisra'el in Deut. 4:39 en 40 vir ons ook belangrik:

**39** Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie.

**40** Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”

Dit is daarom noodsaaklik dat ons as gelowiges onder die nuwe verbond in Yeshua ook moet weet, en dit ter harte neem, dat יהוה alleen die enigste en ware God is en dat daar geen ander god in ons lewe moet wees nie! Daarom moet ons יהוה se reëls en Sy wette hou soos dit in Yeshua, dié Gesalfde Een tot volheid gebring is en in die Skrifte van die nuwe verbond vir ons uiteengesit word. Alleenlik dan sal dit met ons en ons kinders goed gaan in die land wat יהוה ons God vir ons gegee het.

Dat dit met ons goed sal gaan, verwys eerstens na die geestelike en dan na die fisiese (materiële)! Hoe meer geestelike oorfloed ons ervaar, hoe minder belangrik word die fisiese (materiële) dinge van die lewe. Daarom het Yeshua gesê:

Maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.

Yisra'el het vir bykans 40 jaar 'n geleentheid gehad om 'n verhouding met יהוה te bou – 'n verhouding van vertroue en gehoorsaamheid! Maar Sha'ul skryf in 1 Kor. 10:1 tot 12 dat God met die meeste van hulle nie tevrede was nie (vers 5)! Daarom herinner hy ons daaraan om nie יהוה te versoek soos Yisra'el gedoen het nie! Soos Yisra'el in die wildernis eet ons ook van dieselfde geestelike kos en drink ons van dieselfde geestelike water, naamlik van יהוה se voorsiening in Yeshua dié Gesalfde Een. Daarom moet ons nie יהוה versoek soos sommige van hulle gedoen het nie en ook nie murmureer soos sommige nie, want ons sal ook deur die vernietiger vernietig word!

Ons moet leer om deur die onverdiende guns in Yeshua 'n verhouding met יהוה te hê van vertroue in Hom en getrouheid aan Hom! Ons moet bereidwillig wees om ons liggame beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God (Rom. 12:1). Dit moet ons elkeen se eerste prioriteit hier op aarde wees!! En daarom moet ons nie hierdie wêreld navolg nie, maar 'n verandering van ons denke, naamlik ons verstand, wil en emosie,

ondergaan want alleenlik dan sal ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

### **Wanneer Vader-God ‘Nee’ sê!**

Elke jaar wanneer ek hierdie Torahskriflesing oordink, herinner ek myself daaraan dat Vader-God in sy Alwysheid die reg het om “Nee” te sê op dit wat ons Hom vra! Dit dien as herinnering dat יהוה se wil voorkeur bo my eie wil en begeertes moet hê! En dit is ook ‘n herinnering dat alles ten goede sal meewerk vir dié wat deur vertrouwe en getrouheid יהוה in Gees en waarheid dien!

Ons weet dat, vir hulle wat God lief het, Hy hulle in alles help tot die goeie, vir hulle wat Hy afgesonder het om geroep te word. Rom. 8:28.

Wanneer jy en ek ons op die onverdiende guns en beloftes van יהוה beroep, is dit om voor die Vader te staan en daarvoor te vra en selfs te smee. Dit is wat Mosheh gedoen het toe Hy voor יהוה gestaan het en gevra het om die Beloofde Land in te gaan! Van al die Yisra’eliete het Mosheh dit sekerlik die meeste ‘verdien’ om Kanaän saam met die volk in besit te neem! Maar ons weet hoe יהוה op hierdie versoek van Mosheh regaer het!

maar יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. יהוה het vir my gesê: ‘Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie. Deut. 3:26.

Die vraag is nou: Hoe moet ons reageer wanneer Vader-God vir ons ‘Nee’ sê vir dit wat ons met smeekbede vir Hom vra? Die antwoord vind ons in hoe die geloofsreus van ouds, asook Yeshua, in sulke situasie gereageer het.

Toe Koning Dawid se seun, na sy buite egtelike verhouding met Bat-Sh’va (Batseba), ernstig siek geword het, het hy יהוה gesmeek om sy seun te spaar. Dawid het gevas en *die hele nag op die grond gelê* (2Sam. 12:16). Nogtans het die kind op die sewende dag gesterf! Nadat Dawid die tyding van sy kind se dood ontvang het, het hy soos volg daarop gereageer:

Dawid het van die grond af opgestaan, hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek, in die huis van יהוה ingegaan en aanbid. Toe het hy na sy eie huis gekom en toe hy gevra het, het hulle kos voor hom gesit en hy het geëet. 2Sam. 12:20.

Vir Dawid se dienaars was hierdie reaksie van hul koning onverstaanbaar. Dawid se antwoord aan hulle was egter selfverduidelikend van hoe ons ook in sulke situasie moet reageer:

<sup>22</sup>Hy antwoord: “Toe die seun nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: ‘Wie weet, יהוה mag onverdiende guns aan my bewys dat die seun mag leef,’  
<sup>23</sup>maar nou is hy dood; hoekom sou ek vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek sal na hom toe gaan, maar hy sal nie na my toe terugkeer nie.” 2Sam. 12:22-23.

Dawid het berus in die finaliteit van יהוה se besluit!

Let egter op wat volg na hierdie hartseer gebeure: Salomo word gebore (2Sam. 12:24) – die man wat יהוה se Tempel sal bou! As te ware het daar uit Dawid se hartseer iets nuuts ontstaan wat יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid sou openbaar. Dit is יהוה se onverdiende guns!!

Sha'ul is nog 'n voorbeeld van berusting wanneer Vader-God 'Nee' antwoord op dit wat ons begeer. Ten opsigte van die doring in sy vlees het Sha'ul drie keer gevra dat hy daarvan verlos moet word. יהוה het egter vir Sha'ul geantwoord: “My onverdiende guns is vir jou genoeg, want my wonderwerkende krag word in swakheid volmaak gemaak” (2Kor. 12:8-9).

Sha'ul se reaksie hierop was:

<sup>9</sup>Ek sal daarom met blydskap in my swakhede roem sodat die krag van Die Gesalfde Een op my kan rus.

<sup>10</sup>As gevolg hiervan verbly ek my in lyding, in beledigings, in beproewings, in vervolginge en in gevangenskap om die persoon van Die Gesalfde Een se onthalwe, want as ek swak is, dan is ek sterk. 2Kor.12:9 en 10.

Hierdie doring in Sha'ul se vlees het gemaak dat hy nie hoogmoedig word oor die openbaringe wat hy ontvang het nie, en het verseker dat hy afhanklik gebly het van יהוה se onverdiende guns. Die les hieruit is om te alle tye te onthou dat Vader-God se onverdiende guns vir ons genoeg is om ons deur alle omstandighede te dra.

Selfs Yeshua het by geleentheid op Sy aangesig voor יהוה geval en gevra: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil” (Matt.26:39). יהוה moes ook vir Sy Geliefde Seun 'Nee' sê, want daar was geen ander wyse waarvolgens God se plan van sondevergifnis voltooi kon word nie. Hoewel Yeshua met groot benoudheid begrip gehad het van Sy lydingsdood wat op hande was, het Hy berus by God se Raadsplan en gesê: “My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat dit wees soos u wil” (Matt. 26:42). Al was Yeshua die Seun van יהוה het Hy gehoorsaamheid geleer deur wat Hy gely het:

<sup>7</sup>Ook toe Hy in die vlees geklee was, het Hy gebede en versoeke met 'n kragtige geroep en trane aan Hóm geoffer, wat Hom uit die dood uit lewe kon gee en Hy is verhoor.

<sup>8</sup>Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding

<sup>9</sup>en so is Hy volmaak gemaak en het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Rede vir die ewige lewe geword. Heb. 5:7 tot 9.

Die lewensles wat Mosheh, Dawid, Sha'ul en Yeshua ons leer, is dat daar tye in ons lewens gaan wees waar Vader-God ons smeekgebede met 'n besliste 'Nee' gaan antwoord wat vir ons hartseer en lyding tot gevolg kan hê. Maar wanneer ons berus by יהוה se soewereine besluit in hierdie situasies, dan sal ons gevorm word om gelykvormig aan Yeshua ons Meester te word. Ons kan berus in die feit dat dit deel is van יהוה se plan vir ons. Ons kan berus in die feit dat יהוה deur ons situasie Sy heerlikheid wel bekend sal maak – op Vader se wyse en op Sy tyd!

Onthou ook hierdie wyse woorde:

*We're always in Abba's school! Just like in the world's schools – we learn, then we are tested on what we learned. If we fail the test, we have to go back and re-learn and take the test again! Graduation Day is at the return of Messiah! – Yedidah.*

Wanneer ons met 'n nee-antwoord gekonfronteer word, en dit so aanvaar, dan is daar steeds die volgende geslag vir wie ons moet bemoedig en leer. Daarom het יהוה vir Mosheh gesê:

maar stel Y'hoshua aan, bemoedig en versterk hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek en hy sal hulle die land wat jy sal sien, as erfenis gee. Deut. 3:28.

Dit moet ook vir ons ‘n vertroosting wees dat ons kinders dit sal ontvang waarvoor ons יהוה vertrou het. Ons geestelike voorgeslagte is immers hiervan ‘n voorbeeld, soos wat dit in Heb. 11:13-16 opgeteken is:

13In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ‘n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is,

14want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ‘n stad soek.

15As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,

16maar nou is dit duidelik dat hulle na ‘n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad voorberei.

In die wildernis van hierdie aardse lewe is ons vreemdelinge en nomades en al ons smeekgebede gaan nie verhoor word nie. Maar ons verlange is na dit wat in die hemel is – ‘n hemelse Koninkryk wat uiteindelik hier op aarde gevestig sal word en waaraan ons uiteindelik, by die voltooiing van יהוה se Raadsplan, deel sal hê.

Laat die ouer geslag die jonger geslag, naamlik dié wat die toekomstige geestelike leiers is, hiermee bemoedig en versterk!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Mosheh, Dawid, Sha’ul en Yeshua is ook die bewys dat die voorspoedlering (*prosperity teaching; name it and claim it!*) soos om byvoorbeeld Satan te bestraf en te bind oor finansies, of om finansies in vrugbare grond te saai (*name youre need when you sow your seed*) “‘n wenresep” is om die begeertes van jou hart te ontvang, ‘n misleiding is! As dit waar sou wees dan sou dit vir Mosheh tog gewerk het?! Ons ontvang seëninge alleenlik deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah van die nuwe verbond, naamlik om die verbondsvoorwaardes na te kom (Deut. 7:7 tot 13; Joh. 14:21, 23 en 24). En selfs dan is dit steeds יהוה se soewereine wil wat sal geld!
2. Tog is daar verskeie Skrifverwysings met die belofte dat alles wat ons in die gebed vra sal ons ontvang (Matt.21:22). Ook Matt. 7:7 lees: *Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.* Hoekom is daar dan situasies waar יהוה-God gebede verhoor en situasies waar Hy dit nie verhoor nie? Is dit ‘n geval van: *God will supply all your needs, but not all your greed?*

### **Yisra’el se Geloofsbelydenis**

Die sleutelteks in hierdie vyfde boek van Mosheh is Deut. 6:4.

*Luister, hoor en doen Yisra’el, יהוה is ons God; יהוה is Een.*

In Hebreeus word dit soos volg geskryf en getranslitereer:

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

*Sh'ma Yisra'el, Yahuah Eloheinu, Yahuah egad*

Ten opsigte van Deut. 6:4 is dit ook belangrik om die betekenis van die woord *Yisra’el* te verstaan. In Hebreeus word dit geskryf: ישראל (*yud, shin, resh, aleph, lamed* – van links na

regs) en getransliterereer as *Yisra'el* en beteken; *Yisra'* = Hy sal heers en *El* = Magtige God. Daarom kan ons Deut. 6 :4 ook soos volg skryf:

*Luister, oor wie Hy heers as Magtige God (Yisra'el), Yahuah is ons God, Yahuah is Een.*

Die woord *egad* beteken een in terme van getalle, maar ook enigste, naamlik daar is niemand soos Hy nie!!

Daarom is Deut. 6:4 die intree-opdrag tot enige ander opdrag wat God gee. As יהוה (Sy Karakter en Outoriteit) nie erken word vir wie Hy is nie, dan sal mense Hom nie gehoorsaam nie! Dit sluit aan by, en bevestig, die eerste gebod, naamlik:

Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het. Ex. 20:2.

Gehoorsaamheid is om die Karakter en Outoriteit (die Naam) van יהוה as die Oppergesag te erken en in nederige onderdanigheid te respekteer. יהוה is die Magtige God wat ons uit die slawehuis van sonde bevry het om Hom in die wildernis van hierdie wêreld volgens Sy onderrig en instruksies (die Torah) getrou te dien!

יהוה se Torah is die beskrywing van Sy Karakter en Outoriteit. Daarom is sonde die oortreding van Torah (1Joh. 3:4) en is dit die skending van God se Karakter en Outoritiet wat met die dood strafbaar is (Rom. 6:23)!

Onthou Heb. 10:26-27

<sup>26</sup> want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,

<sup>27</sup> maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.

Deut. 6:4 staan bekend as die *sh'ma* en is die geloofsverklaring van die ware Yisra'el, naamlik van elkeen wat glo en bely dat Yeshua die enigste weg, waarheid en lewe is (Joh. 14:6) tot versoening met יהוה! 'n Geloofsverklaring dat יהוה die enigste ware en lewende God is en dat gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua tot volheid gekom het op grond van liefde is, want Deut. 6:4 word opgevolg met hierdie woorde in vers 5:

Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns.

In die 1933 vertaling begin hierdie vers met: *Daarom moet jy יהוה jou God liefhê.....* Daarom kan verse 4 en 5 beskou word as die geloofsbelydenis van die ware Yisra'el!

Die *sh'ma* is die eerste gebod van al die gebooie! Yeshua het dit bevestig, en selfs uitgebrei, toe 'n skrifgeleerde ('n leraar van die wet) vir Hom gevra het wat is die eerste gebod van almal.

<sup>28</sup> Een van die leraars van die wet, wat nadergekom het en gehoor het wat hulle bespreek, sien dat Hy hulle goed geantwoord het en hy vra vir Hom: "Watter een is die eerste opdrag van almal?"

<sup>29</sup> Yeshua antwoord hom: "Die eerste van al die opdragte is: 'Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה is ons God, יהוה is een'

<sup>30</sup> en: ‘jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.’ Dit is die eerste opdrag

<sup>31</sup> en die tweede, wat net soos hy is, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie.’”

<sup>32</sup> Die leraar van die wet sê vir Hom: “Uitstekend, Leermeester, U het met waarheid gesê dat God Een is en dat daar geen ander is behalwe Hy nie

<sup>33</sup> en om Hom lief te hê vanuit die hele verstand, wil en emosie, vanuit die hele gees, vanuit al die begrip en verbeelding en vanuit al die kragte en om die naaste lief te hê soos jouself, is belangriker as enige brandoffers en offerandes.” Mark. 12:28-31.

Ons *sh'ma*-belydenis moet opgevolg word deur die getuienis van liefde vir יהוה en liefde vir medemens wat deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua volbring is, bevestig word.

<sup>3</sup> Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.

<sup>4</sup> Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’ en Sy opdragte nie uitvoer nie, is ’n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,

<sup>5</sup> maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is:

<sup>6</sup> hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3-6.

Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en Sy opdragte uitvoer. 1 Joh. 5:2

Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolgelinge is, as julle liefde vir mekaar het. Joh. 13:35.

*A talmid, or disciple, is not a person who wishes to know what the teacher knows. Rather, a true talmid is a person who wants to be what the teacher is, and do what the teacher does.*

*Yeshua was obedient to Torah every moment of His life, not because He had to be, but because he chose to be. As talmidim of Yeshua, we should strive to live our lives the way he lived His life, not because we have to, but because we choose to – because that should be the desire of our hearts (FFOZ).*

In vorige notas van parashah 45 is die betekenis van die woord *sh'ma* bespreek, maar ek wil dit weereens kortliks herhaal soos Bill Bullock dit verduidelik wat die *sh'ma* volgens Hebreeuse denke beteken:

- *Listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND*
- *once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND*
- *adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND*
- *teach it to your children AND*
- *walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear.*

In die lig van bogenoemde kry ‘n Skrifgedeelte soos Deut. 28:1-2 vir ons nuwe betekenis:

<sup>1</sup> Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam (*sh'ma*), deur versigtig te wees (*sh'mar*) om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen (*asah*), יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde.

<sup>2</sup> Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam.

Die Hebreuse woorde *sh'mar* en *asah* voltooi vir ons die betekenis van *sh'ma*:

- *Sh'mar* is om te omhein (soos met dorings), om wag te staan, om te beskerm, te bewaar, ag te gee daarop, op te let na, noulettend te wees, op jou hoede te wees, te handhaaf, te hou (soos om gehoorsaam te wees).
- *Asah* – te doen, uit te voer, te vervul, te vorm, voor te berei, te maak.

Om te *sh'ma* is dus om te hoor wat יהוה sê en dit te bewaar (*sh'mar*) en om presies daarvolgens te handel (*asah*). Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings daarmee te vergelyk. Dit is יהוה se skietlood wat gebruik moet word. Om die woord van יהוה (Torah) te hoor (*sh'ma*), te bewaar (*sh'mar*) en te doen (*asah*) is dus om enige vorige denke en optrede onmiddellik te verander of dit aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur יהוה gespreek is.

Maar weinig gelowiges wil ten volle יהוה se Woorde *sh'ma*, *sh'mar* en *asah*! Talle hoor en lees יהוה se Woord, maar die bewaar (*sh'mar*) en die doen (*asah*) bly agterweë. In die verband skryf Gerrie Coetzee:

Ek het baie gewonder hoekom godsdienstige, "goeie" mense, nie aan יהוה se opdragte gehoorsaam is nie. Yeshua sê self: "My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My" (Joh. 10:27). יהוה het 'n verbondsverhouding met Syne en hulle hoor Sy stem. Is dit dalk die rede dat mense, maak nie saak na hoeveel preke en boodskappe nie, steeds ongehoorsaam bly? Dit maak nie saak hoe glashelder 'n woord uit יהוה se boodskap is nie, mense kan nie gehoorsaam nie. Tradisie en die kerk se gebruike en leringe is vaster as die Woord self!! Hoekom? Omdat ons hulle vertrou het om vir ons die waarheid te bring, wat dan ook reg is, maar wat nou as ek sien dat daar iets is wat יהוה se Woord anders leer? Baie mense kan nie verander nie! Hulle het nie 'n verbondsverhouding met Hom nie! Hulle KEN Hom nie! Die godsdienstegees, wat 'n werklikheid is, blokkeer die boodskap; hulle kan Sy stem nie hoor nie en volg Hom nie. (God Van Die Verbond, p4 – Hierdie boek is gratis aflaaibaar by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch) en word aanbeveel. Dit is ook as 'n sagteband boek beskikbaar en Gerrie kan per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134).

Ons eerste prioriteit moet dus wees om Vader se kennis en wysheid voortdurend te soek en dit in elke area van ons lewe nougeset toe te pas.

<sup>7</sup> Hou aan om te vra en dit sal vir julle gegee word; hou aan om te soek en julle sal vind; hou aan om te klop en daar sal vir julle oopgemaak word,

<sup>8</sup> want elkeen wat aanhou vra ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word.

<sup>9</sup> Wie is daar tussen julle wat, as sy seun vir hom 'n brood vra, vir hom 'n klip sal aanbied;

<sup>10</sup> of as hy vir 'n vis vra, vir hom 'n slang sal aanbied?

<sup>11</sup> As julle, alhoewel julle boos is, dan weet om goeie geskenke vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, aanhou om goeie dinge te gee vir die wat aanhou om Hom te vra! Matt. 7:7-11.



Onthou Yeshua se woorde soos opgeteken is in Joh 17:3.

Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, dié Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid.

Daarom moet ons eerste prioriteit wees om יהוה, en soos Hy deur Yeshua aan ons openbaar gemaak is, te ken. Dit is naamlik om die Vaderhart te verstaan deur 'n geestelike intieme verhouding en om uit liefde alles te doen wat Hy van ons vra, naamlik gehoorsaamheid aan Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Die basis van ons verhouding met יהוה is gebaseer op ons kennis en insig van Sy Woord en om dit nougeset in ons lewe toe te pas.

Dit vereis dat ons 'n leerbare gesindheid moet hê. יהוה se Woorde moet soos 'n stroom lewende water wees wat aanhoudend vloei. 'n Onleerbare gees kan vergelyk word met 'n waterbron wat nie met vars water aangevul word nie en wat uiteindelik verrot sodat niks daarin kan lewe nie. Ons moet daaglik die vars invloei van Lewende Water in ons lewe ondervind, anders sal ons geestelik stagneer en dit word die ideale bron vir vormgodsdien. יהוה is die fontein van Lewende Water (Jer. 2:13 en Jer. 17:13).

Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'. Joh. 7:38

Maar ons moet versigtig wees dat die water wat invloei nie besmet of vergiftig is nie!!

### **Bepeins en Bespreek**

1. Die *sh'ma* van Deut. 6:4 word daaglik deur talle gelowiges bely, naamlik: יהוה-God is Een (*egad*)!! Die Christendom glo egter in die Drie-eenheid, naamlik drie persone van Vader, Seun en Heilige Gees. Is dit nie politeïsme (veelgodery) nie? Rabbyne Judaïsme, asook Islam, beskou hulle geloof as monoteïsties (eengodedom) en beskuldig juis die Christendom van veelgodery! Wat is jou geloofsoortuiging en hoekom? Wat verstaan jy is die betekenis van *egad*?? Is יהוה-God 'n korporatiewe (saamgestelde) eenheid of 'n absolute (enkelvoudige) eenheid en is Yeshua God of mens? Twee artikels in die verband wat aanbeveel word, is by die volgende skakels aflaaibaar: [Eenheid van God en Is Y'shua God](#).
2. Die *sh'ma* in Afrikaans vanuit die Torah en die Apostoliese Geskrifte met bypassende musiek, en soos deur Hein Zentgraf verwerk is, is beskikbaar by hierdie skakel op Youtube: <https://www.youtube.com/watch?v=hfDMIY3v0cQ>.

### **Haftorah Bespreking (Jes. 40:1 tot 26)**

#### **Berei die Weg vir die Wederkoms.**

Die profesie van Yesha'yahu kan in twee gedeel word. Eerstens bevat hoofstukke 1 tot 39 יהוה se oordele vir die huis van Y'hudah se ontrouheid en wat die Babiloniese ballingskap tot gevolg gehad het. Tweedens bevat hoofstukke 40 tot 66 יהוה se woorde van troos en bemoediging vir die dag wanneer hulle bevry sal word en terug sal keer na Yisra'el.

Daarom begin ons Haftorahskriflesing met die volgende woorde:

<sup>1</sup> "Troos, troos My volk," sê julle God.

<sup>2</sup> “Praat sag met Yerushalayim en roep uit na haar dat haar oorlog verby is, dat haar oortreding verwyder is en dat sy uit die hand van יהוה dubbel ontvang het vir al haar sondes.”

<sup>3</sup> 'n Stem roep uit: “Berei die pad voor vir יהוה in die wildernis; maak die pad gelyk in die woestyn, 'n grootpad vir ons God! Jes. 40:1-2.

Hierdie is 'n profesie met betrekking tot die koms van Yeshua, dié Gesalfde Een van God!! Dit is woorde van troos, vergifnis en versoening met יהוה vir elkeen wat met opregte berou terugkeer tot vertroue in God en gehoorsaamheid aan Sy Torah. Daarom dien hierdie as 'n herinnering vir ons onder die nuwe verbond dat Yeshua reeds gekom het, maar dat ons die weg moet voorberei vir ons Meester se wederkoms.

Die stem in vers 3 word verbind met dié van Yoganan (Johannes), die Doper, toe hy gesê het dat die Koninkryk van die hemel naby is (Matt. 3:3).

Dit is die man van wie die profeet Yesha'yahu gepraat het toe hy gesê het: “Die stem van een wat uitroep: ‘Berei die pad van יהוה in die wildernis voor en maak Sy paaie gelyk!’

Yoganan is ook die boodskapper na wie die profeet Mal'ahki verwys het as die een wat die pad skoon sal maak vir dié Boodskapper van die verbond in wie ons vreugde sal vind (Mal. 3:1).

Die boodskapper wat die pad gelyk- en skoonmaak, was tipiese spreektaal van daardie tyd van wat gedoen moet word wanneer 'n verteenwoordiger gestuur word om gereed te maak vir die koms van 'n koning.

Ons is almal boodskappers wat die pad in die wildernis van hierdie wêreld gelyk moet maak vir die wederkoms van Yeshua! Soos in die dae van Yoganan moet dit ook plaasvind deur vertroue in dié Gesalfde van יהוה en 'n terugkeer tot gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua tot volheid gebring is.

Die volgende gedeelte uit die kommentaar van Ya'acov Nathan Lawrence ten opsigte van Jes. 40:1 tot 26 som die betekenis van hierdie Haftorah op:

*Only by complete submission and obedience to the unchanging Torah/Word of יהוה as revealed in Scripture will men be walking in the straight and narrow path. Only then will we be preparing the way in the spiritual wilderness that surrounds us for the Messiah to come again. Many in our day are called to be spiritual Elijahs and John the Baptists crying in the wilderness urging all to turn their hearts back to the ancient paths, back to the Hebraic roots of our faith, back to our spiritual fathers – the patriarchs, prophets and apostles. Someone has been given the difficult task of pulling down the religious strongholds that run counter to the “Word [Torah] of our Elohim [that] shall stand forever.” Are you part of that Elijah generation, and if so, what are you doing to prepare the way for Messiah? ([www.hoshanarabbah.org](http://www.hoshanarabbah.org)).*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Indien ons na die huidige wêreldgebeure kyk, kan ons nie anders nie as om te besef dat die wederkoms van Yeshua ons Messias baie naby is!! Die tyd van 'rusbank-geloof' is verby!! Wat doen jy en ek om die weg vir die wederkoms van ons Koning en Hoofpriester voor te berei? Tree ons vreesloos op om die waarheid te verkondig, of skram ons weg omrede ons konflik en verwerping deur familie en vriende vrees? Onthou: *For*

*unless your hearts are free from worldly hopes and worldly fears, you never will speak boldly, as you ought to speak – Whitefield.*

2. Ons moet dit doen wat Vader-God aan ons toevertrou het!

*We are in danger of forgetting that we cannot do what God does, and that God will not do what we can do – Oswald Chambers.*

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*